

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 27: Tazria (תזריע) – Swanger word

Verder het יהוה met Moshe gepraat en gesê: “Praat met die kinders van Yisra’el en sê: ‘As ’n vrou swanger word en geboorte gee aan ’n seun, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van haar menstruasie, sal sy onrein wees. Lev. 12:1 en 2 – PWL¹

Torah: Lev. 12:1 tot 13:59

Haftorah: 2 Kon. 4:42 tot 5:19

Nuwe Verbond: Matth. 8:1 tot 4; Matth. 11:2 tot 6; Mark. 1:40 tot 45; Luk. 2:22 tot 24; Luk. 5:12 tot 16; Luk. 7:18 tot 23.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 27 wat afgelaai kan word by: [Parashah27Notas14](#) of by [Parashah27Notas15](#).

Cowards never won heaven. Do not claim that you are begotten of God and have His royal blood running in your veins unless you can prove your lineage by this heroic spirit: to dare to be holy in spite of men and devils – William Gurnall

Any concept of grace that makes us feel more comfortable sinning is not biblical grace. God's grace never encourages us to live in sin, on the contrary, it empowers us to say no to sin and yes to truth – Randy Alcorn

The chief danger of the Church today is that it is trying to get on the same side as the world, instead of turning the world upside down. Our Master expects us to accomplish results, even if they bring opposition and conflict. Anything is better than compromise, apathy, and paralysis – A. B. Simpson

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Torah Bespreking

Die Torah van Moses en die Torah van Yeshua

Dit is noodsaaklik om die verskil te verstaan tussen die Torah van Moses en die Torah van Yeshua. Albei is die Torah van YHVH, maar elkeen het sy plek in YHVH se Raadsplan en ons moet dit verstaan. Hoewel ons in verskeie vorige parashot daaroor gepraat het, is dit nodig om weer hersiening te doen.

Eerstens is dit baie belangrik om te verstaan dat YHVH se Torah, naamlik sy onderrig en instruksies, vanaf Gen. 1:1 tot Open. 22:21 strek. Rabbynse Judaïsme verwerp egter die Skrifte van die nuwe verbond en beskou dit nie as deel van YHVH se onderrig en instruksies nie. Daarom verkondig Rabbynse Judaïsme nie die waarheid nie!

Ons weet ook dat YHVH se Torah vir ewig sal bestaan! YHVH is die Oppergesag oor alles. Hy is die Wetgewer wie se gesag hoër is as enige ander wetgewer se gesag! YHVH is die Wetgewer en die Regter wat beslissings maak en uitspraak lewer! As die Oppergesag het YHVH ook die reg om Sy Torah te verander en om dele daarvan volgens Sy Raadsplan aan die mens bekend te maak en van toepassing te maak.

Alles geskied volgens YHVH se Raadsplan met die einddoel om alles weer te herstel soos dit was voor die sondeval in die tuin van Eden. Soos die Skrifte begin met die tuin van Eden so eindig dit met die ‘herstelde tuin van Eden’, naamlik ‘n nuwe hemel en aarde en die nuwe Jerusalem.

Daarom kan ons volgens die Afgesonderde Skrifte YHVH se se onderrig en instruksies soos volg verdeel:

- **Die Torah van ons voorvaders**, naamlik vanaf Adam tot en met Israel se aankoms by Sinai. Adam, Noag en ons voorvaders Abraham, Isak en Jakob en hulle nageslag het hierdie Torah onderhou. Hierdie Torah het YHVH se opdragte, Sy bevele, Sy verordeninge en Sy wette bevat. Dit was die Torah wat Abraham en sy nageslag onderhou het tot en met hulle aankoms by Sinai soos bevestig word deur Gen. 26:4 en 5 toe YHVH aan Isak gesê het:

en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het.”

Die bloedverbond wat YHVH met Israel direk na hulle aankoms by Sinai gesluit het (Ex. 19:5 tot Ex. 24:11 – bekend as die boek van die verbond, Ex. 24:7) was bedoel om ‘n voortsetting en uitbreiding van die verbond met Abraham te wees.

- **Die Torah van Moses**, ook bekend as die boek van die wet², was aan Israel gegee na die sonde van die aanbidding van die goue kalf en was ‘n tugmeester (‘n gids) wat Israel in bearing gehou het tot Yeshua se koms (Gal. 3:24 tot 29). In die verband is dit belangrik om te onthou dat as dit nie vir Moses was wat as middelaar opgetree het nie, sou YHVH sy volk na die aanbidding van die goue kalf uitgewis het (Ex. 32:10), want Israel se

² Die boek van die wet was ook ‘n verbond, maar nie ‘n bloedverbond nie, want dit was nie gesluit by wyse van ‘n aanbod aan Israel en die keuse van aanvaarding daarvan deur Israel nie, en was ook nie deur bloed verseël nie.

optrede was die verbreking van die bloedverbond wat die dood van die oortreder vereis het. Hierdie Torah het bykomende onderrig en instruksies bevat wat nie voorheen – vanaf Adam tot Sinai – van toepassing was nie.

- **Die Torah van Yeshua**, naamlik die onderrig en instruksies wat van toepassing geword het na die folterdood en opstanding van Yeshua. Hierdie behels ook 'n verandering in die Torah van YHVH soos dit deur Moses aan Israel gegee was. Die brief aan die Hebreërs bevestig byvoorbeeld hierdie verandering, veral in hoofstuk 7 wat dit duidelik maak dat daar 'n verandering in die wet (in die Torah van Moses) plaasgevind het ten opsigte van die priesterorde en die offerandes. Yeshua self het sekere 'veranderinge' aan die Torah van Moses aangebring, soos byvoorbeeld die sewende gebod (Ex. 20:14) – jy mag nie egbreek pleeg nie. Volgens die Torah van Yeshua pleeg 'n man egbreek deur selfs net met begeerte na 'n ander vrou te kyk (Matt. 5:28).

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat daar 'n verskil is tussen die die Torah van Moses en die Torah van Yeshua. Daarom is die vraag: Volg jy die Torah van Moses of volg jy die Torah van Yeshua. Rabbynse Judaïsme leer dat ons die Torah van Moses moet volg, maar die waarheid vir elkeen wat glo dat Yeshua die gekruisigde en opgestane Messias is, is dat ons die Torah van Yeshua moet volg.

Dit bring ons dan by die volgende twee vrae. Eerstens wat is die verskil tussen die Torah van Moses en die Torah van Yeshua? En tweedens, hoe pas ons die Torah van Yeshua in ons alledaagse geloofslewe toe?

Die verskil

Soos reeds genoem moet ons besef dat met die folterdood en opstanding van Yeshua het daar 'n verandering in die priesterskap plaasgevind en derhalwe 'n verandering in die Torah soos YHVH dit aan Moses gegee het. Die brief aan die Hebreërs, veral hoofstuk 7, verduidelik dit. Die tempel met sy Levitiese priesterorde en gepaardgaande offerandes is deur Yeshua se folterdood en opstanding tot niet verklaar. Yeshua was die eenmalige offer (Heb. 7:23 tot 28; Heb. 10:11 en 12) en geen verdere diereoffers of spysoffers word meer vereis nie.

Onder die nuwe verbond is die Levitiese priesterorde vervang met Yeshua as ons ewige Hoëpriester (Heb. 7:17) volgens die orde van Melgisédek, en is ons as geregverdigdes in Yeshua 'n koninklike priesterschap van hierdie priesterorde (1 Pet. 2:9). Die Melgisédek priesterorde benodig nie 'n tempel soos met die Torah van Moses nie, want ons as koninklike priesterschap is individueel en korporatief YHVH se tempel waarin die Afgesonderde Gees woon (1 Kor. 3:16; 1 Kor. 6:19).

Hierdie verandering in priesterorde, offerandes en die tempel is die belangrikste verskil tussen die Torah van Moses en die Torah van Yeshua en hierdie verandering bepaal grootliks hoe ons die Torah van Yeshua in ons geloofslewe moet toepas en uitleef!

Laastens moet ons ook verstaan dat die priesterorde van Melgisédek nie iets nuuts is wat by die Torah van Yeshua gevoeg is nie, maar dit het reeds bestaan en het funksioneer vanaf Adam tot en met Israel se aankoms by Sinai toe die rol van priester die taak van die die eersgeborenes was. Weens Israel se aanbidding van die goue kalf is die Melgisédek priesterorde egter tydelik opgehef en vervang met die Levitiese priesterorde wat, soos reeds genoem, Israel se tugmeester (gids) was tot Yeshua se koms.

Die Torah van Yeshua is dus 'n terugkeer na YHVH se Torah soos dit van toepassing was vanaf Adam tot en met die sluit van die bloedverbond na Israel se aankoms by Sinai. Dit is 'n

terugkeer na die Melgisedek priesterorde – ‘n herstel van die Melgisedek priesterorde soos YHVH dit van die begin af beplan het en soos Hy dit by wyse van die Boek van die verbond met Israel ingestel het.

Daarom kan ons ook na die Torah van Yeshua verwys as die Torah van Melgisedek.

Toepassing

Eerstens, en baie belangrik, is dat die Torah van Yeshua nie beteken ons is vry van die wet soos deur die Christendom verkondig word nie, met ander woorde dit is nie wetteloosheid (Torahloosheid) nie, want dit is wat sonde is (1 Joh. 3:4).

Tweedens moet ons verstaan wat die onderrig en instruksies was wat van toepassing was volgens die Torah van ons voorvaders en volgens die boek van die verbond, want dit gesamentlik is die Torah van Yeshua. Vanaf Genesis 1:1 tot en met Exodus 18:27 leer die Torah van ons voorvaders ons aangaande YHVH se onderrig en instruksies oor dinge soos die Shabbat, die voedselvoorskrifte, heiligmaking, offerandes en veel meer. Maar dit is in Ex. 19:5 tot Ex. 24:11 waar ons leer oor wat het die Torah van die boek van die verbond behels. Dit kan soos volg opgesom word:

- Heiligmaking en mikvah (doop) – Ex. 19:10 tot 15
- Die Tien Gebooie – Ex. 20:1 tot 17
- Onderrig en instruksies oor menseverhoudings – Ex. 21:1 tot 28
- Onderrig en instruksies oor eiendom – Ex. 21:36 tot Ex.22:15
- Onderrig en instruksies oor sedelike gedrag – Ex. 22:16 tot 31.
- Onderrig en instruksies oor reg en geregtigheid – Ex. 23:1 tot 9
- Onderrig en instruksies oor die Bestemde Tye (feestye) – Ex. 23:10 tot 17
- Onderrig en instruksies oor seëninge van gehoorsaamheid – Ex. 23:18 tot 33

Die Torah van Moses help ons om die Torah van Yeshua te verstaan en toe te pas. Die fokus van die fisiese toepassing van die Torah van Moses verskuif egter nou na die geestelike betekenis en toepassing daarvan volgens die Torah van Yeshua.

Dit beteken **nie** dat alles van die Torah van Moses nou vergeestelik word nie! Nee, dit is ‘n verwerplike gedagte. Wat dit wel beteken is dat die Skrifte van die nuwe verbond gebruik word om ons te leer wat moet ons nog fisies doen, maar met volle insig in die geestelike betekenis daarvan, en dit leer ons wat moet ons slegs geestelik toepas. Die volgende voorbeelde kan as illustrasie gebruik word:

- Ons ‘doen’ (onderhou) steeds Shabbat as ‘n afgesonderde dag volgens YHVH se onderrig en instruksies. Maar ons onderhou dit met ons fokus op die feit dat Yeshua is ons Shabbatsrus, want die Seun van die mens is Meester van die Shabbat (Matt. 12:8). Dit dien geen doel indien ons Shabbat gedenk volgens YHVH se opdrag plus al die honderde bykomende voorskrifte van Rabbynse Judaïsme (of dit wat ons daarvan kies), maar ons verstaan nie die geestelike betekenis van die Shabbatsrus in Yeshua nie!
- Ons ‘doen’ egter nie meer fisies die voorgeskrewe offerandes nie, want Yeshua was die eenmalige offer (Heb. 10:12). Daar is ook nie meer ‘n tempel waarheen ons fisies gaan nie, want ons as gelowiges in Yeshua as die Messias is nou individueel en korporatief die tempel van die Afgesonderde Gees (1 Kor. 3:16; 2 Kor. 6:16). Ons is ook nou ‘n koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9). Maar die tabernakel, offerandes en die Levitiese priesterorde was alles ‘n sinnebeeld (skaduw) van die bedeling onder die nuwe

verbond. Daarom is ons kennis van die doel en die betekenis van die tabernakel en offerandes, soos dit in die Torah van Moses uiteengesit word, baie belangrik in die geestelike toepassing daarvan as geregtigdes van YHVH in Yeshua onder die nuwe verbond. Die geestelike betekenis van die tabernakel, priesterorde en offerande is steeds van toepassing in ons daaglikse lewe. Ons fokus is nie hier op die fisiese nie, maar wel op die geestelike!

- Die bestemde tye (feestye) van YHVH is ‘n voorbeeld van die ‘doen’ (onderhouding) daarvan, maar op ‘n wyse anders as wat in die Torah van Moses beskryf word. Ons gedenk dit nou as herinnering aan wat YHVH deur Yeshua reeds vir ons gedoen het, steeds vir ons doen en nog vir ons gaan doen. Die bestemde tye is profeties van YHVH se Raadsplan van herstel, naamlik van dit wat YHVH reeds deur Yeshua vervul het en profeties van dit wat nog deur Yeshua vervul sal word.

Dit is in die lig van die Torah van Yeshua wat ons die Torah van Moses moet verklaar en toepas. Ons doen dit met die hulp van die Afgesonderde Gees wat ons leer en lei! Diegene wat die Torah van Moses gebruik om die Torah van Yeshua te verklaar is besig om die kar voor die perde in te span! Die Torah van Yeshua is nie die dooie letter van die wet nie, maar wel die Torah van YHVH wat vlees geword het. Onthou: Rabbynse Judaïsme is vasgevang in die letter van die wet en daarom voeg hulle voortdurend mensgemaakte wette by!!

As volgelinge van Yeshua en Sy Torah is ons fokus dus nie op die fisiese doen van Moses se Torah nie, maar op die geestelike betekenis en toepassing daarvan. Die voorbeeld wat ek voorheen gebruik het, is ten opsigte van Pesag. Indien ons fokus op die fisiese verwydering van suurdeeg uit ons huise voor die aanvang van Pesag (en ons stuur e-posse met al die voedselprodukte wat gis bevat en verwyder alles met groot toewyding), **maar** indien ons nie die suurdeeg uit ons hart verwyder het nie, het ons net die letter van die wet gevolg! Dit is nutteloos, want ons het die geestelike toepassing gemis. Die belangrikste is om die suurdeeg uit jou hart te verwyder!

Indien ons slegs ingestel is op die letter van die wet – die fisiese doen van die Torah van Moses – is ons geneig om die onverdiende guns van YHVH soos in Yeshua openbaar gemaak is te vergeet. Onthou: Ons is vry van die letter van die wet en ons dien nou YHVH volgens die Gees van die wet.

Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, want omdat die wet swak was, deur die sieklikheid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:2 tot 4

Die Torah van Yeshua is ‘n intieme verhouding waar die Afgesonderde Gees ons leer en lei om in alles aan YHVH gehoorsaam te wees, soos wat ons Vader Abraham was en soos wat in die boek van die verbond opgeteken is.

Ten slotte: Soos reeds genoem was die bloedverbond wat YHVH met Israel direk na hulle aankoms by Sinai gesluit het (Ex. 19:5 tot Ex. 24:11) en wat bekend is as die boek van die verbond; Ex. 24:7) deur Israel verbreek met die aanbidding van die goue kalf. En die verbreking van die bloedverbond het vereis dat die oortreder, naamlik Israel, moet sterf!

Maar deur YHVH se onverdiende guns is Israel deur die Torah van Moses in bewaring gehou (as te ware geestelik aan die lewe gehou) totdat Yeshua gekom het om in die plek van Israel te sterf. Yeshua het die prys betaal deur aan die folterpaal te sterf vir Israel se verbreking van die boek van die verbond! Maar YHVH het Yeshua uit die dood opgewek om weer aan Israel 'n 'nuwe' huweliksaanbod te maak!

Nou kon YHVH met Israel 'n nuwe verbond sluit en dit is die verbond waar ons deur vertrou die Torah van Yeshua volg.

“Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra'el en oor die huis van Y'hudah 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring,

nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp,” sê יהוה.

“Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el,” sê יהוה: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: ‘Ken יהוה’ nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste.

Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie.”
Deurdát Hy sê ‘nuwe,’ het Hy die eerste as oud verklaar en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging. Heb. 8:8 tot 12.

En soos Israel van ouds in Ex. 19:8 en Ex. 24:3 geantwoord het, sê ons ook: Al die woorde wat YHVH Yeshua gespreek het, sal ons doen! Dit het ons elkeen by wedergeboorte gesê toe ons die 'nuwe' huweliksaanbod ('huweliksverbond') van Yeshua aanvaar het!

Bepeins of Bespreek

1. Die Torah van Moses kan soos volg vergelyk word. 'n Huwelik tussen man en vrou is 'n bloedverbond waar sekere ooreengekome reëls soos deur die man en die vrou bepaal is, van krag is. Beide man en vrou staan dus onder die 'wet' van die ooreengekome aanbod en die voorwaardes van hierdie verbond. Indien een party egter egbreek pleeg en dit 'n egskeiding tot gevolg het, gaan beide partye na die egskeidingshof waar die regter of advokaat die beslissing maak oor die reëls wat voortaan die verhouding tussen die man en die vrou bepaal ten opsigte van dinge soos wie kry toesig oor die kinders, hoeveel onderhoud die man moet betaal, hoe die bates verdeel moet word en ander sake. Die man en die vrou bepaal dus nie meer hulle onderlinge verhouding nie, maar wel die wetsowerheid van die land wat nou optree as toesighouer dat regverdigheid sal geskied. Sou die man en vrou egter weer trou, word die verbondsverhouding hertsel en verval die rol van die wetsowerheid.

So was dit dan met Israel! Omrede Israel deur die aanbidding van die goue kalf egbreek gepleeg het (gehoereer het) en die verbondsverhouding dus verbreek was, het YHVH as Regter bepaal hoe die verhouding voortaan tussen Hom en Sy volk sal wees, naamlik volgens die Torah van Moses. Dit sou van toepassing wees totdat Yeshua sou kom om met Sy folterdood Israel se skuldbrief teen die folterpaal vas te nael en daarna uit die dood op te staan om 'n nuwe verbond met Israel te sluit – 'n verbond wat met die bloed van Yeshua verseël is en wat soos die verbond met Abraham gegrond is op vertrou en nie dade nie.

2. Is die volgende stellings waar?

- Ons sal 'n leuen lewe indien ons mense leer om te glo dat ons die Torah van Moses letterlik, naamlik ten opsigte van alles, kan hou soos dit voorgeskryf is.
- Ons kan wel die Torah van Yeshua in alle opsigte gehoorsaam wees.

3. Is die volgende stelling waar? Een van die gevolge van die foutiewe deel van die Messiaanse lering is veral dat daarin geslaag word om mense se **fokus** heeltemal te **vervaag** of te **verwyder** ten opsigte van:

- Die ewige lewe
- Die geestelike Beloofde Land, naamlik die Koninkryk van die Hemel
- Die gawes van die Afgesonderde Gees en die vyfvoud bediening van afgevaardigde (apostel), profeet, herder, leraar en evangelis.
- Die priesterorde van Melgisédek.
- Die ontmoeting met Yeshua Messias in die lug

Die fokus is verskuif na die fisiese. 'n Fisiese Beloofde Land/Koninkryk, 'n fisiese Israel, 'n fisiese Torah van Moses en 'n fisiese uittog na die hedendaagse land van Israel.

4. Dit is 'n vloek ('n binding) wat tot die geestelike dood toe kan lei as ons sou verkies om die Torah fisies te doen terwyl ons **nie** verstaan wat dit vir ons geestelik uitspel nie en dit nie toepas nie.
5. Ons leef aan die einde van die eeue en ons word gewaarsku dat ons nie mislei moet word nie. Volg nie 'n mens as leermeester nie, maar vra die Afgesonderde Gees om jou te leer, te herinner aan alles wat Yeshua ons geleer het en in alle waarheid van die nuwe verbond te lei. Verwys 1 Joh. 2:26 en 27.

Die Besnydenis.

Verder het יהוה met Moshe gepraat en gesê: "Praat met die seuns van Yisra'el en sê: 'As 'n vrou swanger word en geboorte gee aan 'n seun, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van haar menstruasie, sal sy onrein wees. Op die agtste dag moet die vlees van sy voorhuid besny word. Lev. 12:1 tot 3.

Die besnydenis is ook 'n baie goeie voorbeeld van wat die Torah van Yeshua – die nuwe verbond – ons leer teenoor dit wat in die Torah van Moses – die ou verbond – geskryf is.

Vanaf die begin van die eerste-eeuse gemeente van Handeling se bestaan was die besnydenis 'n strydpunt en rede vir verdeeldheid. Dit is veral met pesag waar die besnydenis gedebateer word. Die rede is dat daar diegene is wat oortuig is dat die besnydenis 'n vereiste is om pesag te gedenk, terwyl ander die standpunt huldig dat dit nie van gelowiges in Yeshua vereis word nie. Wie is reg?

Ons weet dat dit in die Torah van Moses geskryf is dat 'n seuntjie op die agste dag besny moet word, asook dat die besnydenis 'n voorvereiste is om die Pesagmaal te eet.

יהוה het vir Moshe en Aharon gesê: “Dit is die instelling van die Pesag: géén vreemdeling mag daarvan eet nie, maar elke slaaf van ’n man wat met geld gekoop is, wanneer jy hom besny het, dan mag hy daarvan eet. Ex. 12:43 en 44.

Die vraag is egter wat leer die nuwe verbond ons aangaande die besnydenis?

Die besnydenis begin by die verbond met Abraham soos ons in Gen. 17:4 tot 13 lees. Verse 11 tot 13 sê duidelik dat die besnydenis ’n teken sal wees van hierdie verbond:

Dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle: almal wat manlik onder julle is, moet besny word. Julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word. Hy, onder julle, wat agt dae oud is, moet besny word, almal wat manlik is, in julle geslagte; die wat in jou huis gebore is en die wat nie van jou nageslag is nie, wat van enige vreemdeling met geld gekoop is. Hy wat in jou huis gebore is en hy wat met jou geld gekoop is, moet sekerlik besny word en My verbond sal in julle vlees wees as 'n ewige verbond.

Let daarop dat die besnydenis nie deel van die verbond is nie, maar die fisiese teken van Abraham en sy nageslag se deel **aan** die verbond!! Die teken was dus simbolies en was aangebring op die plek waardeur die saad kom wat die nageslag deel maak van hierdie verbond. Abraham se fisiese nageslag is al waarvan hier dus gepraat word. Hierdie teken word ook slegs hier, by die oorspronklike gee van die verbond met Abraham, genoem en nie nadat die volk die verbond verbreek het en Vader in Sy onverdiende guns die Nuwe Verbond met hulle gesluit het nie!!

Maar dan lees ons in Deut. 10:14 tot 17 waar YHVH wel Sy behae in die fisiese nageslag van Abraham bevestig, maar ook wil hê dat elkeen die voorhuid van hulle verstand, wil en emosie moet besny om sodoende nie meer hardnekkig te wees nie (Deut. 10:16 en 17).

Besny daarom die voorhuid van julle verstand, wil en emosie en wees nie meer hardnekkig nie, want יהוה, julle God, is God van die gode en Meester van die meesters; die groot Magtige God, kragtig en gevrees, wat die persoon nie aansien en geen omkoperij aanvaar nie.

Maar in Deut. 30:4 tot 6 leer ons dat die fisiese besnydenis hulle deel van die Sy verbondsvolk maak, maar dat alleenlik die besnydenis van hulle verstand, wil en emosie, naamlik die geestelike besnydenis, ware lewe gee.

Meer nog, יהוה, jou God, sal jou verstand, wil en emosie besny en die verstand, wil en emosie van jou nageslag, om יהוה, jou God, lief te hê met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees sodat jy kan lewe. Deut. 30:6.

Paulus bevestig ook in Rom. 2:28 en 29 wat die ware besnydenis is, naamlik die besnydenis van die hart:

Hy is nie ’n Jood wat dit in die uiterlike is nie en dit is nie besnydenis wat in die vlees gesien word nie. Inteendeel, hy is ’n Jood wat dit in die binneste is en besnydenis is dié van die verstand, wil, emosie en die gees, nie volgens die geskrifte nie sodat sy eer en lof nie van mense is nie, maar van God.

En in Kol. 2:11 verwys Paulus na hierdie besnydenis as dit wat nie met hande verrig word nie.

In Hom is julle besny met 'n besnydenis wat nie met hande gedoen word nie, deur die liggaam van die sondige natuur af te lê deur die besnydenis van Die Gesalfde Een.

Israel se redding is nie geleë in die fisiese besnydenis nie, maar wel in die geestelike besnydenis, naamlik die verwydering van Torah ongehoorsaamheid – die verwydering van hulle bose dade soos deur Jer. 4:4 bevestig word.

Besny julleself tot יהיה en verwyder die onbesnedenheid van julle verstand, wil en emosie, manne van Y'udah en inwoners van Yerushalayim, of anders sal My toorn soos 'n vuur uitgaan en brand met niemand om dit te blus nie, as gevolg van die boosheid van julle dade.”

Alreeds hier leer die Torah van Moses ons dat die geestelike besnydenis belangriker is as die fisiese besnydenis. Die besnydenis van die hart – die verstand, wil en emosie – is 'n daad van vertroue! Redding is alleen deur vertroue!!

In die Handeling van die apostels lees ons ook van die meningsverskil oor die fisiese besnydenis. Daar was diegene wat gesê het dat dit 'n vereiste was om deel te wees van die reddende genade in Yeshua.

Manne wat van Y'udah af gekom het, het die broers geleer: “As julle nie besny word, volgens die tradisie van die wet nie, kan julle nie lewe hê nie.” Hand. 15:1.

Hulle het verklaar dat jy eers deel van Yisra'el as volk moet word, deur die fisiese besnydenis, voordat jy deel van YHVH se gemeente kon wees. Daarom was hulle verstom toe die vulling met die Afgesonderde Gees ook met die onbesnedenes gebeur het:

Terwyl Shim'on besig was om te praat, het die Gees van Afsondering op almal wat die boodskap gehoor het, gekom en die broers vanuit die besnydenis, wat saam met Shim'on gekom het, was verstom en verbaas dat die geskenk van die Gees van Afsondering ook oor die ander nasies uitgestort is, want hulle het gehoor hoe hulle in verskillende tale praat en God grootmaak en Shim'on sê: “Niemand kan die water keer dat hierdie mense, wat net soos ons die Gees van Afsondering ontvang het, gedoop word nie.” Hand. 10:44 tot 47.

Wat leer ons hieruit? Dit is nie meer 'n fisiese afgesonderdheid wat deur die fisiese besnydenis simboliseer word nie, maar dit is die besnydenis van die hart deur die Afgesonderde Gees wat elkeen die ware afgesonderdes van YHVH maak – naamlik deel van die ware Israel. Dit is die Torah van Yeshua!

Daarom het Petrus aan sy medebroers soos volg gereageer deur te verduidelik:

*En God, wat die verstand, wil en emosie ken, **het aangaande hulle (die onbesnedenes) getuig** deur aan hulle die Gees wat Afgesonderd is te gee net soos aan ons. **Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle verstand, wil en emosie gereinig het deur vertroue.** Nou waarom toets julle God deur op die nek van die studentevolgelinge 'n juk te lê wat nie ons vaders of ons in staat was om te dra nie? Ons vertrou dat ons, deur die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, lewe ontvang deur vertroue, net soos hulle.” Hand. 15:8 tot 11.*

Vader-God het dus die onbesnedenes as deel van Sy Koninkryk sonder fisiese besnydenis bevestig en verklaar dit gebeur deur vertroue soos wat in vers 11 bevestig word – *Ons vertrou dat ons, deur die onverdiende guns van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een, lewe ontvang deur vertroue, net soos hulle.*

Die slotsom is dus dat die onbesnedenes wat deur vertrou in Yeshua as die Messias deur YHVH geregverdig verklaar word nie besny hoof te word nie! Daarom kan die onbesnede geregverdigde met vrymoedigheid Pesag gedenk en deel hê aan die Pesagmaal.

Bepeins of Bespreek

1. Lees Gal. 5:1 tot 6 en 11 tot 14. As jy fisies besny wil word stel jy jou onder die fisiese reëls en verlossing uit die fisiese. Nou is jou afhanklikheid en vertrou nie meer op Hom nie. Vers 11 bevestig ook dat Paulus glad nie meer besnydenis as vereiste verkondig het nie. Die geestelike besnydenis is die belangrikste.
2. Indien jy nog die fisiese besnydenis verkondig as vereiste om deel van YHVH se koninkryk te wees en Pesag te gedenk, dan volg jy die Torah van Moses en nie die Torah van Yeshua nie! Dan is Rabbynse Judaïsme jou leermeester en nie Yeshua nie! Die vraag is dus: Wie is jou Rabbi? Hierdie vraag word bespreek in 'n artikel wat afgelaai kan word by [Okt15Leermeester](#)

Nota: Die lering van Gerrie Coetzee oor die besnydenis kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik <http://www.padwlewe.ch/downloads/Besnydenis.pdf>

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.